Suksesvolle egskeidings:

Feit of Fiksie?

MARETHA NAUDÉ

Gesinsmoorde is deesdae 'n alledaagse verskynsel, as 'n mens die koerantopskrifte kan glo. In ons hofsale is moordverhore waarby 'n "liefdesdriehoek" betrokke is, ook nie meer so vreemd nie.

Moord, so lyk dit, is verkieslik bo die skande en dalk skade van 'n egskeiding. Skei, soos trou, is vir baie mense nie perdekoop nie en ontaard soms in bitter vetes oor wie die kinders, die huis of die honde kry. En terwyl die sogenaamde passiemoord as 'n "oplossing" vir huwelikspro-bleme toeneem, lyk die statistieke oor egskeiding ook bra sleg.

Volgens 'n klerk van die griffier van die hooggeregshof hou huwelike in Pretoria gemiddeld agttien maande.

In 2005 is 32 484 pare in Suid-Afrika geskei en 32 394 minderjarige kinders is hierdeur geraak, lui die jongste syfers van Statistieke Suid-Afrika.

Egskeiding is nooit maklik nie, en is vir baie mense gelyk aan mislukking, teleurstelling, pyn en verlies op talle lewensvlakke. Maar 'n mens hoef nie moord te pleeg of tot die "bitter einde" te veg nie, sê dr. Jan Botha in sy boek *'n "Suksesvolle" egskeiding: Moontlike stories van hoop*.

Nie dat "sukses" en "egskeiding" twee woorde is wat 'n mens in dieselfde asem kan gebruik nie. "Ek glo mense wat deur 'n egskeiding geraak word, kan met die regte benadering weer heel word en saamwerk aan 'n nuwe, suksesvolle toekoms. Jou lewensverhaal hoef nie in 'n doodloopstraat te eindig nie. Jy kan weer begin werk aan 'n nuwe, positiewe lewensverhaal," sê dié predikant en berader wat deeltyds betrokke is by die NG gemeente Florauna in Pretoria.

Hy bedryf die afgelope agttien jaar 'n pastorale spreekkamer en is jare gelede ook geskei toe sy enigste dogter nog 'n baba was. Uit sy taak as berader het sy "handleiding vir geskeides en kinders wat deur egskeidings geraak word, asook hul heling" gevloei.

"Egskeiding word verskillend deur die betrokke partye – die kinders, familie en vriende – beleef. Daar is 'n verlies aan verhoudings, vertroue, geld, besittings, intimiteit, liefde en respek.

Boonop word nie net die betrokke gesin nie, maar sowat veertien tot sewentien mense na aan die gesin deur die trauma geraak."

Die Hoexter-kommissie van ondersoek na die strukture en funksionering van die howe in Suid-Afrika (1983) het gelei tot die instelling van die kantoor van die gesinsadvokaat wat landwyd geopen is. Een van die belangrikste aanbevelings van die kommissie was dat "mediasie (aangemoedig moet word) as 'n noodsaaklike metode om litigasie in die hooggeregshof te verminder".

Mediasie of bemiddeling, sê Botha, verseker dat die partye in 'n egskeiding tot 'n sinvolle skikking instem.

Dit verlig nie net die druk op die hooggeregshof nie, maar verlaag ook die regskoste van 'n egskeiding. As mense verstaan hoe dié pynlike proses verloop, wat dit behels en wat elkeen se rol is, kan hul genesing bespoedig word, sê hy.

Soos dat mediasie eerstens die hele gesin betrek, en dat elke lid van die gesin 'n aktiewe deelnemer in die gesprek is. Almal werk saam om die krisis en probleme rakende die egskeiding op te los. Botha sê hy werk dikwels saam met ander kundiges soos 'n gesinsadvokaat, kinderkommissaris, prokureurs, sielkundiges en maatskaplike werkers om te verseker dat die lede van 'n betrokke gesin die regte hulp kry.



Dr. Jan Botha se boek *'n "Suksesvolle" egskeiding: Moontlike stories van hoop* is 'n nuttige gids vir mense wat dit oorweeg om te skei, maar kan ook as handleiding deur terapeute, predikante en beraders gebruik word.

In die onderhandelingsproses of terapiesessies word mense dan "opgelei" om die tekens van 'n verbrokkelende huwelik te herken, kry die profiele van die geskeides aandag en word die partye deur die fases en emosies in die skeiproses begelei.

Volgens Botha bestaan die mediasieproses uit vyf fases:

1. Oriënteringsfase: In hierdie fase word geen terapie gegee nie, maar die mediator tree op as 'n neutrale derde party. Alle gesprekke is vertroulik.

Daar word gefokus op die hede en die toekoms van die betrokkenes. Die mediator staan hulle by in die neem van besluite en verwys hulle ook na ander kundiges vir hulp.

2. Kontrakteringsfase: Hier verbind die partye/gesin hulle tot die proses van mediasie, bemiddeling of probleemoplossing en voortgesette kommunikasie ná die afhandeling van die egskeiding as kinders betrokke is.

3. Probleemoplossing- en onderhandelingsfase: Hier word gefokus op die probleemgebiede. "Daar word aandag geskenk aan die probléme en nie die emósies rondom die probleme nie," sê Botha. "Ons kyk saam na verskillende alternatiewe, die verskillende moontlikhede word geëvalueer volgens die kinders se behoeftes en die ouers se belange. Dis ook 'n fase waarin eksperimentering toegelaat word sodat ouers hul ooreenkomste met mekaar kan aanpas as dit nodig is."

4. Skikkingsfase: Toesig en beheer oor die kinders, identifisering en verdeling van gemeenskaplike bates, onderhoud, toegang en besoekregte aan kinders en hantering van finansiële aspekte kry hier aandag.

5. Opvolgfase: Dié fase verseker terugvoer om te bepaal of die mediasieproses ten volle benut en suksesvol afgehandel is. "Tydens die sessies word die gesin gehelp om hul 'storie' van 'nood' so goed moontlik te vertel. Die gesinslede word gelei om elkeen sy eie storie van die verlede te vertel, maar ook om letterlik hul eie stories van hoop en sukses vir die toekoms te skep en dit dan uit te leef," sê Botha.

In mediasie moet veral die kind(-ers) in 'n egskeiding besonder deernisvol gehanteer word, sê hy. Terwyl die ouers raad kry oor hoe en wanneer om hulle oor die egskeiding in te lig, leer hulle ook hoe die verskillende skeifases die kind beïnvloed.

"My eie kind se krisis en hartseer was een van die dinge wat my gemotiveer het om in my spreekkamer en nou in die boek praktiese riglyne aan ouers te gee oor hoe die kinders gehelp kan word om by die nuwe situasie aan te pas, wat hul behoeftes is en watter probleme hulle kan beleef," sê Botha.

> "Ek glo mense wat deur 'n egskeiding geraak word, kan met die regte benadering weer heel word en saamwerk aan 'n nuwe, suksesvolle toekoms."